
**Brokkies Nuus—Brenties**

**1e Kwartaal 2015**

**Baie dankie aan ELKE ouer wat toestemming gegee het dat die H.E.Y! span u kind mag bedien met die Woord van God! Dit is vir ons 'n groot voorreg!**

Elke Dinsdagoggend is dit
*Dapper Stappers* (3-4jr)!
Hierdie kwartaal het tannie Wilna saam met die kleintjies deur die Bybel gestap en onttdek dat Noag gehoorsaam was aan God,
***Josef 'n dromer was en baie uitdagings gehad het,***
***en dat Abraham bly glo het in God se beloftes en dat dit na 'n BAIE lang tyd eers waar geword het!***





Die Gr PreR *Verkleurmannetjie* is 'n warboel van kleure, en dit het ons geleer deur hangertjies te maak met elke kleur. Gesels oor ons groot God wat alles geskep het en nou in die Hemel woon. Saam het ons geleer van al die konings in die Bybelsetyd en krone gemaak, want, ons is mos Koningskinders!











GROEI GOGGAS

Gr. R'e het gaan "shop" en dmv lekkergoed met verskillende kleure gesien hoe dit ons van die Bybel leer. Ons het geleer wie en wat God is.
En saam met Jona onthou dat wanneer ons 'n werkie het om te doen, maar nie lus het daarvoor nie, moet ons steeds gehoorsaam bly! Want, om nie te luister nie, is mos sonde .....



**Dankie vir jou gebede**

Die "Uiltjie klas" verken elke beroep in die Bybel. Ons sing, speel en leer van God. Saam met die eerste boere, Kain en Abel, het ons "geoffer" en geleer dat ons altyd vir God ons beste moet gee. Noag was die eerste seevaarder en hy het ons geleer: Ek sal God volg, al is ek die enigtes een!





